SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V1

FEBRUARIE/MAART 2017

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–C) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.1.9	**A**	**B**	**C**	~~**D**~~

1.1.1 Die punt waar ekonomiese inkrimping op sy laagste is, word 'n … genoem.

A trog
B piek
C neiging

1.1.2 Die verlaging of verwydering van tariewe wat die vrye vloei van handelsgoedere en dienste tussen lande belemmer, word … genoem.

A beskerming
B handelsverbod
C handelsliberalisering

1.1.3 Die nuwe ekonomiese paradigma wat verband hou met die gladstryking van sakesiklusse, word vasgelê in …-kantbeleide.

A vraag-en-aanbod
B slegs vraag-
C slegs aanbod-

1.1.4 'n Vorm van ekonomiese integrasie waar alle tariewe tussen lidlande verwyder is, word 'n … genoem.

A vryhandelsgebied
B doeane-unie
C gemeenskapsmark

1.1.5 Die Reserwebank gebruik die … beleid om die totale geldvoorraad te beïnvloed.

A fiskale
B monetêre
C begrotings-

1.1.6 Die gaping tussen ryk en arm het vergroot omdat die vraag na … werkers wêreldwyd afgeneem het.

A ongeskoolde
B geskoolde
C hoogs geskoolde

1.1.7 'n Nywerheidsbeleid wat nywerheidsontwikkeling in 'n paar stedelike gebiede aanmoedig, word … genoem.

A desentralisasie
B privatisering
C sentralisasie

1.1.8 'n Streeksontwikkelingsinisiatief wat op die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Suidelike Afrika fokus, staan as die … bekend.

A Afrika-unie
B Groei-inisiatief van Suidelike Afrika ('Southern African Growth Initiative')
C Ontwikkelingsgemeenskap van Suidelike Afrika ('Southern African Development Community') (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Vermenigvuldigereffek	A	ekonomiese skommelinge wat deur oorsake buite die markstelsel beïnvloed word
1.2.2	Departement van Handel en Nywerheid	B	verander nie tot nadat die sakesiklus verander het nie
1.2.3	Eksogene faktore	C	weerspieël die demografiese en geslagsamestelling van 'n land
1.2.4	Sloerende aanwyser	D	sit die owerheid se breë benadering tot industrialisasie uiteen
1.2.5	Welvaartsbelasting	E	verhouding tussen insette en uitsette
1.2.6	Gelyke indiensneming	F	klein aanvanklike verandering in besteding skep 'n proporsioneel groter styging in nasionale inkome
1.2.7	Produktiwiteit	G	program om mededinging in die landbousektor te verbeter
1.2.8	Nasionale Nywerheids-beleidsraamwerk	H	koördineer handel en bevorder plaaslik vervaardigde produkte wêreldwyd
		I	gehef op hoë-inkomsteverdieners

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Stel rekeninge wat 'n sistematiese optekening van die handels- en finansiële transaksies tussen 'n land en die res van die wêreld toon

1.3.2 Die kromme wat die verwantskap tussen belastingkoerse en belastinginkomste toon

1.3.3 Die mark wat by die koop en verkoop van buitelandse geldeenhede betrokke is

1.3.4 'n Ruimtelike gebied wat 'n deurgang vorm, wat toegang van een gebied na 'n ander bied, as deel van streeksontwikkeling

1.3.5 Dit word gebruik om die prestasie en neigings van ekonomiese veranderlikes met verloop van tyd te meet

1.3.6 Die onttrekking van geld uit die ekonomiese kringloop (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE monetêre beleidsinstrumente. (2 x 1) (2)

2.1.2 Identifiseer EEN voordeel van invoervervanging vir binnelandse huishoudings. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE EKONOMIESE KRINGLOOP VAN INKOMSTE EN BESTEDING



[Aangepas uit Google Images 2015]

2.2.1 Identifiseer EEN inspuiting in die diagram hierbo. (1)

2.2.2 Noem die tipe ekonomie wat deur die diagram hierbo uitgebeeld word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese kringloop*. (2)

2.2.4 Wat is die hoofdoelwit van sosiale oordragte? (2)

2.2.5 Verduidelik kortliks die belangrikheid van die faktormark in die ekonomiese kringloop. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KOOP PLAASLIK EN BLAAS LEWE IN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Die Trots Suid-Afrikaans-veldtog het gevra vir die ondersteuning van alle Suid-Afrikaanse produsente. Suid-Afrika staan tans voor die uitdaging van mededinging in 'n onregverdige wêreldekonomie. Alle Suid-Afrikaners moet plaaslik geproduseerde produkte koop en tot werkskepping bydra.

Ons eie nywerhede benodig beskerming totdat hulle gevestig is. Korea se reusehandelsmerke soos Samsung en Hyundai is nie net groot in hul eie land nie; hulle is ook wêreldwyd reuse en groot werkverskaffers.

[Aangepas uit *Finweek*, 12 Oktober 2015]

2.3.1 Identifiseer die uitdaging waarvoor Suid-Afrika te staan kom om sukses op internasionale markte te behaal in die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Noem EEN handelsmerk in die uittreksel wat vanaf Korea ingevoer word. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *beskerming*. (2)

2.3.4 Watter maatreëls kan die owerheid tref om te verseker dat plaaslike nywerhede beskerm sal word? (2)

2.3.5 Hoe kan plaaslike ondersteuning, na jou mening, lewe in die Suid-Afrikaanse ekonomie blaas? (4)

2.4 Onderskei tussen die *amplitude* en *tendenslyn* as kenmerke wat vooruitskatting ondersteun. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan die vestiging van meer arbeidsintensiewe nywerhede Suid-Afrika bevoordeel? (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE aspekte wat gebruik kan word om lande in die Noord-Suid-verdeling te onderskei. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die verwantskap tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE GROEI- EN ONTWIKKELINGSPLANNE

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) voorspel 'n Suid-Afrika waar almal vry voel, maar aan ander gebonde; waar elkeen sy volle potensiaal kan bereik. Die verwesenliking van so 'n gemeenskap sal hervorming in die ekonomie en gefokusde pogings om die land se vermoëns op te bou, vereis. Armoede en ongelykheid moet verminder te word en die ekonomie moet vinniger groei op maniere wat alle Suid-Afrikaners bevoordeel.

Die HOP, aan die ander kant, was 'n geïntegreerde, samehangende sosio-ekonomiese beleidsraamwerk wat om sy allesomvattende doelwit, naamlik 'n beter lewe vir almal, gestruktureer was.

[Aangepas uit *'OECD Economics Survey 2015'*]

3.2.1 Identifiseer EEN groei- en ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika in die uittreksel hierbo. (1)

3.2.2 Wat is die hoofdoelwit van die HOP? (1)

3.2.3 Watter boodskap word in die strokiesprent hierbo, in 'n ekonomiese konteks, uitgebeeld? (2)

3.2.4 Watter rol het die HOP sedert 1994 in die verbetering van die lewens van mense gespeel? (2)

3.2.5 Hoe kan die NOP, na jou mening, 'n 'beter lewe vir almal' skep? (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AFRIKA MOET DIVERSIFISEER

Die Minister van Handel en Nywerheid het versoek dat die ekonomieë in Afrika moet diversifiseer om buitelandse direkte investering aan te moedig. Hy het gewaarsku dat Afrika se ekonomiese integrasie bedreig word as infrastruktuurontwikkeling nie plaasvind nie. Ekonomieë het na binne en op die uitvoere van grondstowwe gefokus om die bruto binnelandse produk beter te laat vertoon.

Die onlangse wêreldwye verswakking in olie- en kommoditeitspryse as gevolg van 'n verlangsaming in die vraag, veral uit China, het 'n nuwe sakebenadering op die kontinent vereis, wat verbruiksgebaseer sou wees. Lande behoort tot 'n gemeenskapsmark te diversifiseer.

[Aangepas uit *'Business Report'*, 5 Oktober 2015]

3.3.1 Hoekom is dit belangrik, volgens die Minister van Handel en Nywerheid, vir ekonomieë in Afrika om te diversifiseer? (1)

3.3.2 Watter nuwe benadering behoort lande te volg om sake te doen? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *gemeenskapsmark*. (2)

3.3.4 Gee EEN rede hoekom ontwikkelende lande as deel van hulle beleidsrigtings op invoervervanging diversifiseer. (2)

3.3.5 Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek deur op produksie op toegevoegde waarde te fokus? (4)

3.4 Bespreek *mededingendheid en belegging in mensekapitaal* as gepaste strategieë vir beste praktyk in nywerheidsontwikkeling. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan die ontwikkeling van klein besighede die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel? (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE vorme van invoervervanging. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter impak sal die verhoging in die BTW-koers op die lewenstandaard van armes hê? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BETALINGSBALANS
DIE LOPENDE REKENING (R MILJOENE)

	2012	**2015**
Goedere-uitvoere	751 332	973 778
Netto gouduitvoere	71 050	67 662
Dienste-ontvangste	144 789	191 656
Inkome-ontvangste	48 501	98 016
Min: Goedere-invoere	859 172	1 075 850
Min: Betalings vir dienste	155 243	197 643
Min: Inkome-betalings	136 837	198 382
Lopende oordragte	-31 369	-33 533
Saldo op lopende rekening	**-166 949**	**-174 298**

[Aangepas uit *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Junie 2016]

4.2.1 Watter instelling verskaf die statistiek hierbo? (1)

4.2.2 Watter item hou rekord van transaksies wat met donasies en geskenke aan ander lande verband hou? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die *kapitaaloordragrekening* as deel van die betalingsbalans. (2)

4.2.4 Gee EEN rede vir die daling in gouduitvoere. (2)

4.2.5 Bereken die handelsbalans vir 2015. Toon AL die berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Paresh cartoons.com]

4.3.1 Identifiseer EEN groot uitdaging in die spotprent hierbo. (1)

4.3.2 Noem EEN negatiewe gevolg van armoede in die spotprent hierbo. (1)

4.3.3 Waarna verwys die 'Mandela-erfenis'? (2)

4.3.4 Stel EEN manier voor waarop Suid-Afrika van ongelykheid bevry kan word. (2)

4.3.5 Hoe kan menslike hulpbronne geteiken word om die probleme in die spotprent hierbo meer doeltreffend op te los? (4)

4.4 Bespreek kortliks *spesiale ekonomiese sones* as deel van Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsplan. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek uit handel in wêreldmarkte? (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

Die staat speel 'n betekenisvolle rol in 'n gemengde ekonomiese stelsel en is dus een van die grootste sektore in die ekonomie.

- Bespreek die makro-ekonomiese doelwitte van die staat. (26)
- Hoe suksesvol is die implementering van Suid-Afrika se fiskale beleid? (10) **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

Ekonomiese en sosiale aanwysers word wêreldwyd gebruik om lande se ekonomiese prestasies te vergelyk en te beskryf.

- Ondersoek die volgende sosiale aanwysers:
  - o Demografie
  - o Onderwys
  - o Voeding en gesondheid (26)
- Wat kan die Suid-Afrikaanse regering doen om die lewering van maatskaplike dienste aan sy landsburgers te verbeter? (10) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou